

Personeelkamer Opening

80. Wat die hart van vol is

Soveel mense is negatief oor alles in die lewe. Wanneer hulle praat, is dit net kritiek en bitterheid en klagtes.

Jesus sê in Lukas 6:45: "Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorfloed van die hart spreek sy mond"

'n Mens vul jou hart met die dinge wat jy sien en hoor.

Met ander woorde, as jy jou hart heeltyd vul met die negatiewe wat jy op die nuus sien en hoor, dan is dít wat by jou mond gaan uitkom. As jy jou hart heeltyd vul met die negatiewe van jou omstandighede, dan is dít wat by jou mond gaan uitkom.

As jy egter jou hart vul met God se Woord, dan gaan dít by jou mond uitkom. Die woorde wat jy sê, is een manier waarop jy jou geloof in God uitdruk.

Wanneer jy heeltyd die negatiewe herhaal wat jy op die nuus gehoor het, of wat ander vir jou gesê het, of van jou omstandighede, is jy nie besig om woorde van geloof te spreek nie, want dit strook nie met wat God in Sy Woord sê nie.

Moet dus nie negatief praat en maar klakkeloos alles herhaal wat jy op die nuus hoor nie.

Soek beloftes in die Woord oor God se liefde, Sy beskerming en getrouheid, en maak jou hart vol daarmee. Verklaar dit dan in geloof oor jouself en jou familie.

Psalm 91:2 ~ Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.

Onthou, Jesus het in Matteus 7:24-27 gesê jy sal die storms van die lewe kan trotseer as jy jou lewe op die Rots bou, maar dat jy nie gaan bly staan as jy op sand bou nie.

Dit is baie belangrik om gereeld tyd met God in Sy Woord te spandeer sodat jy jou hart tot oorloeps toe vol kan maak, en jou lewe op die rots kan bou.

Geskryf deur Woord in Waarheid bediening